# KIRSTENBOSCH 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Silvertree-roete | **DATUM:** | 30 Mei 2026 |

**KOMMENTAAR**

Nege van ons kom die Saterdagoggend om 08:00 by Kirstenbosch se Rycroft-hek (Hek 3) bymekaar om die Silvertree-roete te stap. Die roete kombineer die mooiste van Kirstenbosch met skaduryke kontoerpad aan die oostekant van Tafelberg (wat dit ook geskik maak vir die somer). Ons loop links om die besproeiingsdam en volg dan die trappies tot op die kontoerpad. Ons loop verby mooi inhamme met watervalle, mos-bedekte rotswande en die afdraaipaadjies na Nursery Ravine en Skeleton Gorge. Dan volg 'n stewige opdraand (400 trappies) tot op die 300-meter kontoerpad. Ons stop vir iets te ete by die “scree belt” (strook klippe), wat fantastiese uitsigte oor die Skiereiland bied. Dit is ons hoogste punt vir die dag. 'n Houtkapper kom sit in een van die bome vlak by ons en gee 'n hele houtkap-vertoning. Ons stap nog 'n kort entjie op die hoër kontoerpad en draai dan regs af en volg 'n lang kuite-strekker afdraand tot ons weer regs draai en later 'n grondpad volg tot ons uiteindelik links afdraai tot terug in Kirstenbosch. Ons werk ons pad verby Lady Anne Barnard se bad tot by die Boomslang-roete en dan weer tot by die Rycroft-hek. Party van ons ry om tot by Hek 2 vir koffie by die Tea Room terwyl ander deur die tuin soontoe stap. Dit is 'n mooi en moeite-werd stap wat goeie oefening bied. Baie dankie aan Amanda Matthee vir die reëlings.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Beulagh Keulder | 051/2026 | 9 | 471 | |
| Jeanette Kriel | 163/2026 | 9 | 471 | |
| Amanda Matthee | 045/2026 | 9 | 471 | |
| Miranda Myburgh | 092/2026 | 9 | 471 | |
| Cobie Oberholzer | 181/2026 | 9 | 471 | |
| Sinmarie Pieterse | 082/2026 | 9 | 471 | |
| Amanda Relihan | Nie-lid | 9 | 471 | |
| Annermarie Viljoen | 214/2026 | 9 | 471 | |
| Estelle Zietsman | 048/2026 | 9 | 471 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **81** | **4239** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Amanda |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |